Woensdag 8 Oktober 1997

# SUID-GAUTENG


MWA0001-0003-011



**Mev. Virginia Rathela, 'n sangoma, staan by een van die tradisionele kunswerke wat nog tot 17 Oktober by die Sandtonse biblioteek gesien kan word. Hulle is verlede jaar deur mnr. Credo Mutwa, 'n bekende profeet en skrywer, by die Britse Museum ontdek. Die uitstalling staan bekend as Telkom se *usiko treasure trove*-versameling.**

Foto: DARRYL HAMMOND

onderhoude.
**SuperSport op satelliet en GDN:**
**09:00: Classics: Basketbal:** Vroue-toernooi; **Voetbal:** NFL Touchdown; **Gholf:** Wêreld-putjiespeltoernooi; **Ruitersport:** Volvo-Wêreldbeker; **13:00: Sokker:** Best of English; **14:00: Rugby:** Boots & All; **16:00: Krieket:** Standard Bank-liga: Natal t Oostelikes, regstreeks van Durban; **22:30: Seiljagvaart:** Whitbread se wedvaart om die wêreld, weeklikse hoogtepunte; **23:00: Boks:** Punchline; **00:30: Gholf:** Duitse Meesters, hoogtepunte; **01:30: Motorsport:** Australiese Grand Prix vir motorfietse; **04:30: Gholf:** Inside the PGA Tour; **05:00: Sokker:** Italiaanse Serie A, vyfde week.



...eer as 60 sekondes vir die eerste eenheid, en daarna in 30 sekonde inkremente. TBWA HUNT LASCARIS 707422

# Dolle gejaag vir afrigter Mallett

## Praat met top-spelers in land

**Andrew Koopman**

Kaapstad. – Die volgende week of twee gaan 'n dolle een vir die nuwe afrigter van die nasionale rugbyspan, Nick Mallett, en sy mede-keurders wees.

Mallett gaan die volgende paar dae gebruik om die land te deurkruis om met die voorste spelers te praat oor wat hy van hulle gaan verwag indien hulle gekies word vir die Springbok-toergroep wat begin November na Europa vertrek.

Hy gaan Durban, Bloemfontein, Kimberley, Johannesburg en Pretoria besoek nadat hy reeds die afgelope naweek met die Westelike Provinsie se kandidate gepraat het.

Mallett gaan eers Vrydagaand die wedstryd tussen die Gauteng-Valke en Griekwaland-Wes bywoon voordat hy Saterdag 'n toeskouer is in Pretoria waar Noord-Transvaal Natal aandurf.

Sondag vertrek hy na Italië, Frankryk, Engeland en Skotland om te gaan kyk of die toerreëlings, hotelle en oefengeriewe na wens is. Die Saterdag is hy weer terug by een van die halfeindstryde, waarna die toergroep van 36 aangekondig word.

Francois Davids, die een keurder, gaan Vrydagmiddag die WP teen die Suidwestelike Distrikte op George sien speel. Volgens Mallett probeer hulle om Davids ook Saterdag by die kragmeting tussen die Oostelike Provinsie en die Grens in Oos-Londen te kry.

Mickey Gerber, die derde keurder, gaan Vrydagaand Noordwes se wedstryd teen Noord-Vrystaat op Welkom bywoon.

Mallett het reeds verlede week met sy keurders vergader en hulle het toe 'n kortlys van 45 spelers saamgestel.

"Hulle weet presies watter soort speler ek soek. Ons het weer die Vrydag voor die halfeindstryde kans om te gesels.

"Maar ons het reeds 'n taamlike goeie idee van hoe die span gaan lyk.

"Ons wil graag die groep die Saterdagaand ná die eindstryd bekend maak."

Mallett het egter beklemtoon dat die toergroep nie noodwendig uit die kortlys gaan kom nie. "Daar is nog ander spelers wat ons ook na kyk. En veral met beserings wat nog 'n rol kan speel moet ons ons net wyd span."